10 April 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 6

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Nuus oor gemeentes
Advertensies en kennisgewings
Agterblad

Voorblad

PROF ANDRIES VAN AARDE VEREER

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS HET PAS AANGEKONDIG DAT HY DIE *DS PIETER VAN DRIMMELEN-MEDALJE EN -PRYS* VIR DIE BEVORDERING VAN DIE AFRIKAANSE TAAL EN KULTUUR OP DIE GEBIED VAN DIE GODSDIENS AAN PROF ANDRIES G VAN AARDE, HONORÊRE PROFESSOR AAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, TOEKEN.

vervolg op bl 2...

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**
Ds Chris Liebenberg van Grootvlei na Magaliesburg

► **Beroep aanvaar**
Dr Sanrie de Beer van Wesmoot na Philadelphia (deelsorg)

► **Beroep bedank**
Ds Berend Greyling van Bethlehem/Reitz na Upington

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Prof Van Aarde is bekroon** (...vervolg vanaf *Voorblad*) vanweë ’n hele loopbaan se navorsing en die beskikbaarstelling daarvan vir veral universiteitstudente. Ses handboeke uit sy pen (vier as mede-outeur en/of medewerker) word dekades lank reeds voorgeskryf. Vanweë die feit dat uitgewers traag is om teologie-handboeke in Afrikaans uit te gee omdat dit eenvoudig nie winsgewend genoeg is nie, word ’n verdere 40 gepubliseerde artikels van prof Van Aarde in en as klasdiktate opgeneem en aangebied (uit die 167 wat hy reeds in geakkrediteerde joernale gepubliseer het).

Hierbenewens is prof Van Aarde ook sedert 1985 redakteur van die *HTS Teologiese Studies*, die oudste en omvangrykste teologievaktydskrif in Suid-Afrika (gestig 1943). Hierdeur het hy merkbare invloed op die Suid-Afrikaanse teologie uitgeoefen en tegelyk ook internasionale erkenning ontvang.

Daar word wyd erkenning daaraan gegee dat prof Van Aarde die eerste Nuwe-Testamentikus is wat teologiestudente aan die vertellersperspektiefanalise en die sosiaal-wetenskaplike lees van tekste bekendgestel het. Danksy hom het studente ook kennis geneem van die debat rondom die ondersoek na die historiese Jesus. Sy monograaf oor hierdie onderwerp word internasionaal hoog aangeslaan.

Prof Van Aarde is ook reeds by vyf geleenthede (in siklusse van drie jaar) deur die Universiteit van Pretoria as Uitnemende Presteerder bekroon. Hy is op die oomblik ook net een van twee NRF-gegradeerde wetenskaplikes van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

*** Die toekenning word op 20 Junie in Stellenbosch deur die SA Akademie aan prof Van Aarde gemaak.*

► **Dr Hennie van Deventer** ondergaan op Dinsdag 15 April weer ’n redelik ernstige operasie in die Harthospitaal. Daar sal deur die medici gepoog word om weefsel wat verhard het uit sy hartkamers te verwyder. Die verharde weefsel veroorsaak steurnis in sy hartritme. Voorbidding word vir dr Hennie, sy vrou en gesin gevra.

Terug na Voorblad

►**Dr Sanrie de Beer,** predikant van Wesmoot, het besluit om die beroep na Philadelphia te aanvaar. Die standplaas was geruime tyd vakant sedert die vertrek van dr Jonanda Groenewald na Skotland. Dr De Beer se eggenoot, ds Stephen de Beer, is predikant van Noordwestelike Pretoria, Wesmoot se buurgemeente.

►**Dr Gafie van Wyk** vier op Sondag 18 Mei sy 25ste jaar in die predikantsamp. Prof Ernest van Eck sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering groete en gelukwense aan die kerkraad van Kaapstad/Tygerberg en dr Van Wyk en sy gesin oordra.

►**Verskeie predikante** het beroepe ontvang en sal binne die volgende week antwoord op die beroepe. Indien almal of die meeste die beroepe aanneem, sal daar heelwat verskuiwing in die Kerk plaasvind wat predikante betref. Waar predikante beroepe aanneem, ontstaan weer vakatures wat gevul moet word.

► Drie van die ses **proponente** het reeds beroepe ontvang. Prop Leslie Kern wat die beroep na Delareyville aanvaar het, het reeds sy intrek in die gemeente geneem en word op 20 April ontvang, georden en in sy standplaas bevestig. Sy vader, ds Paul Kern sal die taak verrig. Dr Daan van Wyk (jr) sal namens die Kommissie groete en gelukwense oordra.

NUUS OOR GEMEENTES

■ **Zimbabwe-bediening**
Te midde van woelinge rondom die verkiesing in Zimbabwe, besoek **ds Attie Hatting**, voormalige predikant van Harare en tans predikant van Bothaville, saam met sy broer Johan die lidmate in Harare en die Laeveld oor die naweek van 12-15 April. Hulle neem ook kosvoorrade en medikasie saam.

Ds Johan Greyling, 'n voormalige predikant van die hele Zimbabwe, besoek dieselfde naweek die lidmate in Bulawayo. Ook hy neem kosvoorrade en medikasie saam.

Advertensies en kennisgewings

● **Evaluering van voornemende teologiestudente**
Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind op 11 April 2008 plaas.
Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer.
Plek: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
Datum: April van elke jaar
Aansoekvorms kan aangevra word vanaf:
Die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, PRETORIA 0001
Telefoonnommer 012 420 5393; faksnommer 012 420 4303; e-posadres: betsie.brits@up.ac.za

● **Die Kerkkantoor** sluit die week van Maandag 28 April tot Vrydag 2 Mei. Slegs Dinsdag 29 April en Woensdag 30 April is werksdae. Personeel neem verpligte verlof aangesien die rekenaarstelsel opgegradeer word gedurende dié week. ***Gemeentes en predikante word versoek om van die reëling kennis te neem.***

● **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** vergader op 15 April in 'n buitengewone vergadering.

Terug na Voorblad

● **OORWINNINGSKINDERS**: Konsert met jong Hervormers ten bate van DPS-huise word aangebied deur die vier gemeentes van Witbank op 19 April 2008 om 19:00 in die Hoërskoolsaal WH de Klerk. Navrae kan gerig word aan ds Cobus Manders by 013 697 2121.

● Die lede van die Moderamen en twee lede van die Kerk se Tussenkerklike Kommissie voer op **29 April bilaterale gesprekke** met afvaardigings van die Ned Geref Kerk en die Gereformeerde Kerke. Meer besonderhede oor die agenda vir die afsonderlike gesprekke sal later deurggee word.

● Op **24 April** kom die lede van die Kerk se **Komitee vir Buitelandse Bediening** in 'n werkwinkel saam met lede van die NG Kerk en Gereformeerde Kerke om te besin oor die bediening van lidmate in die buiteland.

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER, WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Agterblad

Regstellings

In die **e-Hervormer van 3 April 2008** het die volgende foute ingesluip:

- Ds Gert Beukes is op Sondag 6 April deur die kombinasie Belfast/Dullstroom ontvang. Daar is verkeerdelik berig dat oudl Bana Botha groete en gelukwense namens die gemeente sal oordra. *Oudl Botha tree namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op.*
- Prof Jimmie Loader se naam is verkeerd gespel in die artikel oor die toekenning deur die Universiteit van Pretoria. *Die redaksie vra om verskoning*.
- In dieselfde berig oor die Universiteit van Pretoria se eeufeesvieringe is die verjaardag ook verkeerdelik aangegee as 8 Mei. *Die regte datum is 8 Februarie 2008.*

Terug na Voorblad